

# JEUG & KERK

eKERK | NAVORSING

Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar



# INHOUD

**DIE DOEL MET DIE NAVORSING** **03**

**METODOLOGIESE VERSLAG: MENINGSOPNAME** **03**
MENINGSOPNAME 03

**METODOLOGIESE VERSLAG: DATA-INSAMELING & RESPONDENTE** **04**
RESPONDENTE 04

**METODOLOGIESE VERSLAG: DATAVERWERKING, PUBLIKASIE & VERSPREIDING** **06**
DATAVERWERKING 06
PUBLIKASIE & VERSPREIDING 06

**OPSOMMING VAN DIE DATA** **07**
RESPONDENTE AKTIEF IN ‘N PLAASLIKE GEMEENTE 09
DATA SPESIFIEK TOT OUDERDOMME 11
DATA SPESIFIEK TOT DENOMINASIES 13
DATA SPESIFIEK TOT PROVINSIES 15

**BELANGRIKE AFLEIDINGS UIT HIERDIE NAVORSING** **17**
EKERK JEUGNAVORSING: HOE EK DIT LEES 18
**-** *DEUR FRANCOIS LAMPRECHT*

NUWE GENERASIE, NUWE VAARDIGHEDE 25
*- DEUR STEPHAN JOUBERT*

OM TE KERK OF NIÉ TE KERK NIE 28
*-DEUR IVOR SWARTZ*

# DIE DOEL MET DIE NAVORSING

Hierdie navorsing handel oor hoërskooljeug se houding en verhouding met hulle plaaslike kerk. Ons wou hierdie vraag graag van 'n ander kant af benader deur hoërskole direk te vra om 'n aantal vraelyste uit te deel ten einde jongmense se houding en verhouding met hulle plaaslike kerk op meer neutrale maniere te meet. Ons glo dat indien ons hierdie navorsing só benader, ons 'n meer deursigtige en ware weerspieëling kan kry in terme van hoe die jeug van vandag oor hulle plaaslike kerk voel.

# METODOLOGIESE VERSLAG: MENINGSOPNAME

Hierdie deel van die verslag het ten doel om die werkswyse en metode van die navorsing te verduidelik.

Die volledige studie is empiries saamgestel in soverre die data objektief ingesamel en verwerk is. Enkele streng wetenskaplike komponente is uitgelaat ten einde voorsiening te maak vir 'n meer verstaanbare en aktuele verslag.

## MENINGSOPNAME

Die meningsopname is saamgestel deur Pierre Engelbrecht en Roedolf Botha, met insette van proff. Stephan Joubert en Johan Smith.

Die vrae is opgestel om die volgende onderafdelings te toets:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG 1-3**<br>DEMOGRAFIESE IDENTITEIT VAN RESPONDENTE | **VRAAG 4-6**<br>HOE BELANGRIK RESPONDENTE KERK VIR HULSELF AG | **VRAAG 7**<br>HOE DAAR OOR KERK GEPRAAT WORD | **VRAAG 8-9**<br>IN WATTER MATE RESPONDENTE KERK AS BELANGRIK AG VIR ANDER |
| **VRAAG 10**<br>OF DIE KERK RESPONDENTE SE WÊRELD VERSTAAN, OF NIE | **VRAAG 11**<br>DIE RESPONDENTE SE EMOSIES OOR KERKWEES | **VRAAG 12 & 20**<br>OF RESPONDENTE DIE KERK AS BELANGRIK AG VIR HULLE TOEKOMS | **VRAAG 13-15**<br>WAT RESPONDENTE SE VERSTAAN VAN KERKLEIERS IS |
| **VRAAG 16**<br>OF DIE BYBEL RELEVANT IS VIR RESPONDENTE | **VRAAG 17**<br>RELEVANSIE VAN DIE KERK SE BOODSKAP VIR RESPONDENTE | **VRAAG 18**<br>HOE RESPONDENTE VOEL OOR DIE MUSIEK VAN DIE KERK | **VRAAG 19**<br>HOE RESPONDENTE VOEL OOR KATKISASIE/JEUG-GROEPE VAN DIE KERK |

Die meningsopname bestaan uit twintig meervoudigekeuse-vrae, met enkele geleenthede vir die respondent om hulle eie verdere insette te lewer.

# METODOLOGIESE VERSLAG: DATA-INSAMELING & RESPONDENTE

Die meningsopname is in gedrukte formaat beskikbaar gestel. Gedrukte vraelyste is op ‘n enkele A4-bladsy aan weerskante gedruk en aan respondente uitgedeel by skole. Elke gedrukte vraelys is genommer.

‘n Uitnodiging is aan ‘n aantal skole regoor Suid-Afrika gestuur. Die skole wat op die uitnodiging gereageer het, is gekontak en tussen 300 en 1 000 gedrukte vraelyste is uitgedeel vir willekeurige verspreiding by elke skool. Die hoeveelheid vraelyste wat uitgedeel is, was onderhewig aan die skool se vermoë om dit uit te deel en terug te besorg aan ekerk.

## RESPONDENTE

Respondente en skole is nie ewekansig gekies nie, maar die demografie is deursigtig gekommunikeer, ten einde aan gebruikers self die geleentheid te gee om die toepaslikheid van die data te bepaal.

Na afloop van die insamelingstydperk het 6 635 respondente die meningsopname suksesvol ingevul. Die gekombineerde demografie van al die respondente lyk soos volg:



## WATTER GESLAG IS JY?



VROULIK 52%


MANLIK 48%

## HOE OUD IS JY?




13 - 14 JAAR 23%
15 - 16 JAAR 48%
17 - 18 JAAR 27%
19 - 20 JAAR 2%

## IN WATTER PROVINSIE WOON JY?



GAUTENG 52%
WES-KAAP 12%
MPUMALANGA 25%
VRYSTAAT 11%


## SKAKEL JY AKTIEF IN BY 'N GEMEENTE?



JA 75%

NEE 25%

## BY WATTER GEMEENTE SKAKEL JY AKTIEF IN?




NG KERK 43%

ONAFHANKLIKE KERK 32%

AGS KERK 10%

HERVORMDE KERK 5%

GEREFORMEERDE KERK 4%

# METODOLOGIESE VERSLAG: DATAVERWERKING, PUBLIKASIE & VERSPREIDING

## DATAVERWERKING



Die navorsingspan het die rou data verwerk en die gegewe data in hoofgroeperings van geslag, denominasie, provinsie en ouderdomme gesorteer om die vrae, soos aan die begin van hierdie verslag aangedui, so doeltreffend as moontlik te kan beantwoord.

Microsoft Access en Excel as elektroniese platforms is ingespan om die data volledig weer te gee en om getalle en persentasies korrek te bereken.

Tydens die dataverwerkingsproses is gepoog om die onderliggende patrone, neigings en tendense van die respondente te identifiseer. Die insigte wat deur hierdie proses ingewin is, het weer op hul beurt gedien as riglyne vir die formulering van spesifieke tekortkominge in gelowiges se kerkbywoning.

Die identifisering van hierdie gapings was insiggewend, en het die navorsingspan uiteindelik in staat gestel om praktiese toepassings vir plaaslike gemeentes en geestelike leiers voor te stel, ten einde tieners se verstaan en ervaring van kerk vir meer effektiewe lewensverandering en geestelike groei te rig.

## PUBLIKASIE & VERSPREIDING

Die finale teks is saamgestel deur die hele navorsingspan, en al die medewerkers het bygedra tot die finale verwoording van beide die data en die toepassings daarvan.

Die verslag is uitgelê om 'n maklike leeservaring te fasiliteer, en word ook in 'n elektroniese formaat gepubliseer wat maklik aflaaibaar en deelbaar is. Die verslag word vergesel deur 'n stel infografika-illustrasies wat elke komponent van die navorsing eenvoudig en verstaanbaar uitbeeld.

Die publikasie is beskikbaar op www.ekerk.org, en sal wyd bemark en bekendgestel word op ekerk se elektroniese kommunikasiekanale, asook tydens ekerk-optredes, seminare en ander aflyn-byeenkomste.

Die verslag en die grafika is onderhewig aan 'n "Creative Commons"-kopiereglisensie, wat beteken dat enige gebruiker die materiaal kosteloos kan aflaai en gebruik vir nie-kommersiële doeleindes, in soverre die karakter en strekking van die verslag nie verander of aangepas word nie.

# OPSOMMING VAN DIE DATA

## RESPONDENTE SE AGTING VIR DIE KERK MET BETREKKING TOT HULSELF

- **42.8%** SKAKEL AKTIEF IN BY DIE NG KERK
- **75%** IS AKTIEF IN 'N PLAASLIKE GEMEENTE
- **51%** WOON OP 'N WEEKLIKSE BASIS KERK BY
- **31.6%** SKAKEL AKTIEF IN BY ONAFHANKLIKE KERKE

## RESPONDENTE SE AGTING VIR DIE KERK MET BETREKKING TOT ANDER

- **6.52 / 10** SIEN KERK AS BELANGRIK VIR VOOR- EN LAER-SKOOL KINDERS
- **6.86 / 10** SIEN KERK AS BELANGRIK VIR VOLWASSENES
- **6.96 / 10** SIEN KERK AS BELANGRIK VIR HULSELF
- **4.38 / 10** SIEN KERK AS BELANGRIK VIR NIE-CHRISTENE (DUS ONBELANGRIK)
- **7.65 / 10** SIEN KERK AS DIE BELANGRIKSTE SLEGS VIR CHRISTENE


## RESPONDENTE & INTERAKSIE OOR KERK

- **43%** PRAAT 1X PER WEEK MET HULLE VRIENDE OOR KERK
- **36%** PRAAT 1X PER MAAND MET HULLE VRIENDE OOR KERK

## KERK EN HUISGESIN

- **30%** SIEN DIE KERK AS OM TE EWE VIR HULLE HUISGESIN
- **40%** BESKOU KERKBESOEK AS BELANGRIK IN HULLE HUISGESIN

## KERK SE VERSTAAN VAN DIE WÊRELD





VOEL DIE KERK VERSTAAN HUL WÊRELD





MEEN DIE KERK VERSTAAN HUL WÊRELD NIE GOED OF SLEG NIE

## EMOSIES & TOEKOMSVISIE OOR DIE KERK





HANDHAAF NEUTRALE EMOSIES AS HULLE HOOR HULLE GAAN KERK TOE





MEEN HULLE SAL EENDAG AS HULLE VOLWASSENES IS, KERK TOE GAAN

## ALGEHELE GEVOEL OOR KERKLEIERS




- 27.1% IS GOEIE MENSE
- 24.2% IS BETROUBAAR
- 24.2% IS VRIENDELIK

## OOR DIE BOODSKAP VAN DIE KERK



- 26% IS RELEVANT
- 23.8% IS INSPIREREND
- 23.8% IS WAAR
- 17% IS BETROUBAAR


## OOR DIE BYBEL



37% VOEL DIE BYBEL IS BAIE RELEVANT TOT HUL ALLEDAAGSE LEWE

34% VOEL DIE BYBEL IS VERSKRIKLIK BELANGRIK


## OOR MUSIEK



47% VOEL DIE MUSIEK IS BAIE INSPIREREND

41% VOEL DIE MUSIEK IS 'N BELANGRIKE MEDIUM WAARDEUR HULLE DIE HERE BELEEF

## JEUGGROEPE & KATKISASIE



- 21.9% IS RELEVANT
- 19.5% IS INSPIREREND
- 17% PLEKKE WAAR HUL KUIER MET HUL VRIENDE
- 17.9% 'N RUIMTE WAAR HULLE DIE JEUGGROEPLEIER VERTROU

## RESPONDENTE AKTIEF IN 'N PLAASLIKE GEMEENTE

Die doel met hierdie navorsing is om die houding en verhouding van hoërskooljeug met hulle plaaslike kerk te meet. Om hierdie verhouding meer akkuraat te meet, is dit noodsaaklik om te kyk hoe die respondente wat aangedui het dat hulle aktief by 'n plaaslike gemeente insluit ("Ja" op Vraag 4), oor die kerk voel.

### RESPONDENTE SE AGTING VIR DIE KERK MET BETREKKING TOT HULSELF

- **25%** BEHOORT AAN GEEN VAN DIE GENOEMDE DENOMINASIES NIE
- **45%** KERKBYWONING IS BAIE BELANGRIK IN HULLE HUISGESIN
- **48%** IS IN DIE NG KERK
- **27%** KERKBYWONING IS VERSKRIKLIK BELANGRIK
- **62%** WOON WEEKLIKS 'N KERKDIENS BY

### RESPONDENTE & INTERAKSIE OOR KERK

- **12%** PRAAT ELKE DAG MET HULLE VRIENDE OOR KERK
- **47%** PRAAT 1X PER WEEK MET HULLE VRIENDE OOR KERK

### DIE KERK MET BETREKKING TOT ANDER

- **42%** VOEL OM TE EWE DAT KERK BELANGRIK IS VIR DIE MEESTE MENSE VANDAG
- **19%** KERK IS VERSKRIKLIK BELANGRIK ÓF NIE BELANGRIK VIR MEESTE MENSE VANDAG NIE.

### EMOSIES OOR KERKWEES

**44%** VOEL DIE KERK VERSTAAN HULLE WÊRELD BAIE GOED

**34%** VOEL NEUTRAAL OOR HOE GOED DIE KERK HULLE WÊRELD VERSTAAN

### HOE BELANGRIK BEHOORT KERK TE WEES VIR:

| 7.89 / 10 | 4.76 / 10 | 7.46 / 10 |
|---|---|---|
| CHRISTENE | NIE-CHRISTENE | VIR MY PERSOONLIK |

## ALGEHELE GEVOEL OOR KERKLEIERS

**27.5%**
BELEEF KERKLEIERS (DOMINEES & PASTORE) AS GOEIE MENSE

**24.8%**
BELEEF KERKLEIERS (DOMINEES & PASTORE) AS BETROUBAAR

**24.5%**
BELEEF KERKLEIERS (DOMINEES & PASTORE) AS VRIENDELIK

## OOR DIE BOODSKAP VAN DIE KERK

**26.6%**
DINK DIE BOODSKAP VAN DIE KERK IS RELEVANT

**24.4%**
BELEEF DIE BOODSKAP AS INSPIREREND

**24.3%**
BELEEF DIE BOODSKAP AS WAAR

## OOR DIE BYBEL

**39%**
MEEN DIE BYBEL IS BAIE RELEVANT TOT HUL ALLEDAAGSE LEWE

**36%**
MEEN DIE BYBEL IS VERSKRIKLIK RELEVANT

32% BELEEF NEUTRALE EMOSIES INDIEN HUL OUERS HUL KERK TOE NEEM

31% VOEL OPGEWONDE / EFFENS OPGEWONDE INDIEN HUL OUERS HUL KERK TOE NEEM

## TOEKOMSVISIE VIR DIE KERK

**96%**
MEEN HULLE SAL EENDAG GEREELD KERK TOE GAAN, WANNEER HUL VIR HULSELF SORG

**96%**
DINK DIE KERK HET 'N BELANGRIKE ROL OM TE SPEEL IN DIE SAMELEWING

## DATA SPESIFIEK TOT OUDERDOMME

Ons het ook die aktiewe respondente se data verwerk en ingedeel in ouderdomme. Die volgende opsomming is relevant tot die studie:

### DIE BELANGRIKHEID VAN KERK IN DIE HUIS NEEM AF HOE OUER RESPONDENTE WORD

| | 13-14 JAAR | 15-16 JAAR | 17-18 JAAR | 19-20 JAAR |
|---|---|---|---|---|
| OM TE EWE (%) | 19 | 24 | 29 | 37 |
| VERSKRIKLIK BELANGRIK (%) | 31 | 28 | 24 | 20 |
| BAIE BELANGRIK (%) | 49 | 46 | 42 | 38 |

### KERKBYWONING NEEM OOK AF HOE OUER RESPONDENTE WORD


| | 13-14 JAAR | 15-16 JAAR | 17-18 JAAR | 19-20 JAAR |
|---|---|---|---|---|
| WEEKLIKS (%) | 62 | 63 | 60 | 54 |
| ELKE 2 WEKE (%) | 25 | 22 | 21 | 18 |
| MAANDELIKS (%) | 8 | 9 | 10 | 10 |

### GESPREKKE OOR KERK MET VRIENDE NEEM OOK AF HOE OUER RESPONDENTE WORD

| | 13-14 JAAR | 15-16 JAAR | 17-18 JAAR | 19-20 JAAR |
|---|---|---|---|---|
| 1X PER WEEK (%) | 47 | 48 | 47 | 37 |
| 1X PER MAAND (%) | 34 | 32 | 34 | 31 |
| NOOIT (%) | 8 | 8 | 8 | 20 |




## EMOSIES BELEEF M.B.T KERKBYWONING NEEM OOK AF HOE OUER RESPONDENTE WORD






## MENINGS VAN HOE GOED DIE KERK HUL WÊRELD VERSTAAN NEEM OOK AF VOLGENS OUDERDOM



## DATA SPESIFIEK TOT DENOMINASIES

Ons het ook die aktiewe respondente se data verwerk en ingedeel in denominasies en die volgende opsomming is relevant tot die studie:

### GROOTSTE DENOMINASIES VOLGENS PROVINSIES

- **79%** — DIE GEREFORMEERDE KERK IS DIE GROOTSTE DENOMINASIE IN DIE WES-KAAP
- **45%** — DIE NG KERK IS DIE GROOTSTE DENOMINASIE IN GAUTENG
- **19%** — ONAFHANKLIKE KERKE IS DIE GROOTSTE DENOMINASIE IN MPUMALANGA
- **11%** — DIE NG KERK IS DIE GROOTSTE DENOMINASIE IN DIE VRYSTAAT


### WEEKLIKSE KERKBYWONING VOLGENS DENOMINASIE

- **74%** — DIE GEREFORMEERDE KERK
- **62%** — DIE NG KERK
- **61%** — DIE AGS KERK
- **61%** — DIE HERVORMDE KERK
- **59%** — ONAFHANKLIKE KERKE


### DIE BELANGRIKHEID VAN DIE KERK MET BETREKKING TOT HULSELF VOLGENS DENOMINASIE

- **8.14 / 10** — DIE GEREFORMEERDE KERK
- **7.48 / 10** — DIE NG KERK
- **7.70 / 10** — DIE AGS KERK
- **7.44 / 10** — DIE HERVORMDE KERK
- **7.32 / 10** — ONAFHANKLIKE KERKE

## DIE RELEVANSIE VAN DIE BYBEL VOLGENS DENOMINASIE




## EMOSIES OOR KERKBYWONING VOLGENS DENOMINASIE



## DATA SPESIFIEK TOT PROVINSIES

Ons het ook die aktiewe respondente se data verwerk en ingedeel volgens provinsies wat verteenwoordig is en die volgende opsomming is relevant tot die studie:

### GESPREKKE OOR KERK MET VRIENDE VOLGENS PROVINSIE

**14%** RESPONDENTE IN DIE WES-KAAP PRAAT NOOIT OOR KERK NIE

**7%** RESPONDENTE IN GAUTENG PRAAT NOOIT OOR KERK NIE

**7%** RESPONDENTE IN MPUMALANGA PRAAT NOOIT OOR KERK NIE

**11%** RESPONDENTE IN DIE VRYSTAAT PRAAT NOOIT OOR KERK NIE

### DIE BELANGRIKHEID VAN DIE KERK MET BETREKKING TOT HULSELF VOLGENS PROVINSIE

**7.48 / 10** RESPONDENTE IN DIE WES-KAAP GLO DIE KERK IS BELANGRIK


**7.89 / 10** RESPONDENTE IN GAUTENG GLO DIE KERK IS BELANGRIK

**7.11 / 10** RESPONDENTE IN MPUMALANGA GLO DIE KERK IS BELANGRIK

**6.77 / 10** RESPONDENTE IN DIE VRYSTAAT GLO DIE KERK IS BELANGRIK


### DIE RELEVANSIE VAN DIE BYBEL

**DIE BYBEL IS RELEVANT**




### DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE SAMELEWING

**DIE KERK HET NIE ‘N ROL OM TE SPEEL NIE**





# BELANGRIKE AFLEIDINGS UIT HIERDIE NAVORSING

Jongmense sien die kerk as belangrik in hulle huisgesin, maar tog kan dit moontlik wees weens die tradisies waaruit hulle kom waar die kerk normaalweg 'n baie belangrike bousteen binne die samelewing is. Dalk kan ons, in die lig van hierdie navorsing, so vêr gaan om af te lei dat kerkbesoek vir jongmense eerder 'n goeie tradisie as 'n fokuspunt vir geloofsgroei is (40% beskou kerk as belangrik in hulle huisgesin, met 30% wat die kerk se rol as om te ewe beskou in hulle huisgesin. Nogtans meen 6,96 uit 10 dat die kerk belangrik is, terwyl 33,8% neutrale emosies beleef as hulle kerk toe gaan.)

Respondente in die Wes-Kaap is die minste positief oor die kerk in vergelyking met diegene in ander provinsies. Toegegee, hierdie studie is nie verteenwoordigend van al die provinsies in die land nie. Nogtans sou ons die vermoede kon waag dat die Wes-Kaap moontlik as ietwat meer tradisioneel gesien sou kon word. Moontlik is dit 'n provinsie waar identiteitsmerkers soos Afrikaanswees en Christenwees belangrik is. Sou dit kon wees dat hierdie Afrikaner-Christen-kultuur en tradisie 'n minder positiewe siening van die kerk begin kweek het onder die jongmense van vandag?

Ons merk op dat hoe ouer die kinders word, hoe minder belangrik kerkbywoning vir hulle is. Dit kan bes moontlik gekoppel word aan Reformatoriese denominasies se klem op belydenis-van-geloof-aflegging. Nadat jongmense dít op 16-jarige ouderdom gedoen het, voel vele dat hulle nie meer kerk hoef by te woon nie. Gepaard hiermee sou die druk om te presteer met die oog op toekomstige loopbaankeuses, die primêre fokus van die hoërskooljeug raak. Dit plaas die kerk al hoe meer op die agtervoet.

Meisies is oor die algemeen ietwat meer positief oor die kerk, en sien dit ook as bietjie meer relevant as seuns (dieselfde geld vir die relevansie van die Bybel, musiek en kleingroepe). Die Bybel is egter baie relevant vir hoërskoolkinders in die algemeen (34% verskriklik relevant en 37% baie relevant).

In die Gereformeerde Kerk met name is kerkbywoning en die belangrikheid van kerk onder jongmense die hoogste (74% van hulle woon weekliks kerk by en 8,14 uit 10 beskou die kerk as belangrik in hulle eie lewe.) Hierdie tendens is ook opmerksaam onder die respondente se verstaan van die belangrikheid van die Bybel (42% sien die Bybel as verskriklik belangrik.)



# EKERK JEUGNAVORSING: HOE EK DIT LEES

- *DEUR FRANCOIS LAMPRECHT*

Sinvolle navorsing in die Suid-Afrikaanse kerk is skaars en uiters nodig. Ons leef in 'n era waar die kerk meer as ooit nodig het om te verstaan wat die afstand is tussen die kerk en die wêreld waarin lidmate leef. Wat die jeug betref, weet ons in die meeste gevalle nog nie eers wat die regte vrae is om te vra nie. Maar om selfs dít te weet, kan ons alreeds help om die afstand kleiner te maak. Vandaar dat navorsing soos hierdie van onskatbare waarde is – dit kan ons help om werklik kontak te maak met jong lidmate voordat ons totaal irrelevant raak in hul lewens.

Die grootste uitdaging met navorsing soos hierdie, is om betroubare data te kry. Godsdienstige oortuigings is baie moeilik om te meet; daarom maak die meeste daarvan staat op selfrapportering-vraelyste. Dit is beide die mees algemene vorm van navorsing en een van die onbetroubaarste. Ons antwoorde op so 'n vraelys is nie noodwendig betroubaar nie.

**"Ons leef in 'n era waar die kerk meer as ooit nodig het om te verstaan wat die afstand is tussen die kerk en die wêreld waarin lidmate leef."**

Die bekendste rede hiervoor is die verskynsel van sosiaal wenslike reaksies ("socially desirable responding"). Dit is die gebruik dat mense sulke vraelyste sal beantwoord op maniere wat hul glo die mees sosiaal aanvaarbare manier is, eerder as wat noodwendig die waarheid is.

Ons sien dit duidelik wanneer die kerk navorsing doen wat wys dat die jeug uiters positief is oor die kerk en baie ernstig is oor God en die Bybel, maar op grondvlak in die bediening sien kerkleiers gedurig dat dit nie die realiteit is in die meeste gemeentes nie. En in baie gevalle gaan dit nie daaroor dat mense probeer jok om sosiaal aanvaarbaar te lyk vir navorsers nie, maar eerder dat hulle hulself 'n rat voor die oë draai oor wie hulle is en watter rol godsdiens in hul lewens speel. 'n Bekende vorm hiervan staan bekend as kognitiewe dissonansie. Nie een van ons hou van kognitiewe ongemak nie. Derhalwe, as ons idee van ons eie godsdienstige identiteit verskil van die werklike rol wat godsdiens in ons lewe speel, wil ons dit dikwels versoen met mekaar. Dan word die rol van die Bybel, kerk en God in ons lewe dikwels oordryf om die ongemak of kognitiewe dissonansie minder te maak.

Om onsself 'n rat voor die oë te draai oor wie ons regtig is, is teologies goed bekend. Jeremia 17:9 verwoord dit so: "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, dit is ongeneeslik; wie kan dit verstaan?" Ons sien hierdie tendens duidelik in die navorsing wanneer die vraag: "Sal jy eendag wanneer jy vir jouself moet sorg, gereeld kerk toe gaan?" 'n 96% "ja"-antwoord kry, terwyl tipiese erediensbywoning op Sondae juis die teenoorgestelde vertel. Dit getuig dat kerkbywoning tans nie meer die realiteit van jonger gelowiges is nie. Hierdie feit wil glad nie sê dat die jongmense wat die vorms ingevul het, skynheilig of kwaadwillig is nie – dit sê bloot dat ons werklik dink ons gaan eendag anders wees. Dit sê dat ons werklik glo kerk is belangriker vir ons as wat dit in die praktyk is, en dat ons op idealistiese maniere aan onsself wil dink as kinders van God vir wie die Bybel sentraal in ons lewens staan.

Help dit dan glad nie dat ons die vrae vra nie? Nee, dit doen! Die probleem is nie bloot die navorsing nie, maar eerder die skokkend naïewe afleidings wat dikwels in die kerk vanuit sulke data gemaak word. Natuurlik sal dit help as ons kerknavorsing met meer objektiewe vorme van navorsing (soos werklike bywoningsgetalle in eredienste) kan aanvul, maar dit is in baie gevalle net nie prakties moontlik nie.

## SO, WAT LEER ONS UIT DIE NAVORSING?


‘n Oorsig oor die navorsing wys die volgende interessante tendense uit:

**Van die 75% wat sê dat hul aktief inskakel by gemeentes:**

**1.** Kerk is belangrik vir 72% (Vraag 5) van hoërskoolkinders, met 84%(Vraag 6) wat ten minste elke twee weke kerk bywoon. Dit lyk op die oog af positief. Interessant genoeg praat 41% van hulle een keer per maand, of nooit met hul vriende oor kerk nie (Vraag 7). Nog 47% rapporteer dat hulle 1 keer per week met hul vriende oor kerk praat – die vraag spesifiseer egter nie of dit by die kerk gebeur nie! Die kanse is egter goed dat baie van hulle reken hul gesprekke by die kerk oor die kerk tel hier. Dit beteken prakties dat die getal jong gelowiges wat een keer per maand of nooit met hul vriende oor kerk praat nie, selfs baie groter kan wees. Selfs as ons net hier werk met die gegewe 41%, is die statistiek kommerwekkend: Die belangrikheid van sosiale integrasie vir hierdie generasie is van uiterste belang. Anders gestel, daardie dinge wat ek nie integreer in my sosiale lewe nie, tel nie juis nie. Daarom moet ons nie opgewonde raak oor die blykbaar positiewe 47% nie ... daar’s fout as byna die helfte van jong gelowiges wat hulself as aktiewe kerkgangers beskryf, of vir wie kerk belangrik is, selde of nooit daaroor praat met hul vriende nie. “It begs the question”, hoekom praat jy nie meer met jou vriende daaroor nie?

Hierdie verskynsel help my om raak te sien daar is werk om te doen en groot vrae om te vra oor die integrasie van ons jong gelowiges se godsdiens in die res van hul lewens, en hoe om hulle te help om dit konkreet te doen.

**2.** Ons beeld van die wêreld om ons is belangrik, want dit help ons om normatiewe raamwerke te skep vir ons lewe. Daarom is dit veral vir ‘n jong generasie belangrik om ‘n akkurate beeld van die wêreld om hulle te vorm. Op die vraag oor die belangrikheid van die kerk vir die meeste mense vandag



(Vraag 8), antwoord hulle dat 64% van mense die kerk as om te ewe of onbelangrik ag. Hierdie beeld wat hulle het van 'n wêreld waarin kerk nie regtig vir die mense rondom hulle belangrik is nie, kan 'n groot invloed op hulle idee van normatiewe gesindhede oor die kerk hê. Dit kan vir hulle normaal lyk om nie kerk as belangrik te ag nie. Dit kan maak dat hulle nie sommer met mense om hulle sal praat oor hulle eie kerk en godsdiens nie, soos in punt 1 hierbo. Hierdie navorsing help ons dus om te sien dat jongmense se waarneming bloot verkeerd is. Hulle eie antwoorde wys duidelik dat kerk vir ten minste 72% van hul eie portuurgroep tóg belangrik voorkom. Hierdie statistiek beteken dat ons hulle kan help om 'n meer akkurate beeld te vorm van hulle eie sosiale omgewing waarin kerk oor die algemeen baie belangriker geag word as wat hulle dink.

**3.** Vraag 9 oor die belangrikheid van kerk vir sekere groepe lewer twee kommerwekkende gegewens op. Eerstens is dit nie goeie nuus dat jong gelowiges kerk as 'n 7,46 uit 10 reken vir hul lewens nie. 75% is heel oulik as jy 'n wiskundetoets geskryf het, maar nie as dit kom by die belangrikheid van die gemeenskap van gelowiges nie. Hoe het dit gebeur dat jongmense kerk nie meer as so belangrik ag nie?

Tweedens reken hulle dat kerk effens belangriker is vir "Christene" as vir hulself. Hoe werk dit? Is hulle nie self Christene nie, of reken hulle dat hulleself die kerk nie so nodig het as ander mense nie? In ieder geval is die verskil tussen die twee 'n aanduiding van 'n identiteitsprobleem vir jong Christene. "Christene" en "kerk" is nie noodwendig persoonlik vir hulle nie, veral as ons dit vergelyk met vraag 20 oor die belangrikheid van die kerk vir die samelewing, waarop hulle 96% positief antwoord. Kerk is eintlik net belangrik vir "hulle" maar nie vir "my" nie.

**4.** Vraag 11 laat my baie vrae vra: met 72% van die respondente wat sê hulle voel opgewonde en effens opgewonde oor die vooruitsig dat hul ouers hulle op Sondae kerk toe neem, sou mens verwag dat daar heelwat meer jong gelowiges in die kerke moet wees tydens eredienste. 'n Ander vraag wat dit dalk sou kon help opklaar, sou wees om te vra: "Indien jou ouers nie vanoggend kon kerk toe gaan nie, sou jy op jou eie gaan?"

**5.** Vraag 12 is 'n uitdaging. Hier rapporteer 96% van die respondente wat aktief by kerke inskakel dat hulle ná skool gereeld kerk toe sal gaan. Uit die praktyk weet ons dat die meerderheid kerke tans 'n groot leemte ervaar wanneer dit by hierdie naskoolse groep kom. Hulle verdwyn tot 'n groot mate uit kerke vir ongeveer 'n dekade. Nogtans antwoord hoërskoolleerlinge egter dat byna almal van hulle van plan is om gereeld kerk toe te gaan. Selfs as daardie 25% respondente wat nie aktief kerk bywoon nie, se antwoorde bygebring word, is dit 'n 91,25% positiewe respons.

Dit is moontlik dat ons hier te doen het met hul werklike intensie wat later bots met die realiteit van die verwagtinge van hul jong volwasse lewensfase. Of dalk is dit sosiale invloede wat 'n groot rol speel daarin dat hulle baie minder kerk bywoon as wat verwag word. Wat sekerlik ook 'n groot rol hier speel, is die effek wat die ouerhuis op jongmense se godsdiens en kerkbywoning gehad het. As groot hoeveelhede jong gelowiges van voorneme is om kerk by te woon wanneer hulle nog in die huis is, maar wanneer hulle uittrek nie meer so voel oor kerk nie, dui dit daarop dat die huis se invloed op kerkbywoning dalk groter is as hulle eie geloofsbelewenisse. Ons het moontlik hier te doen met die groot invloed van tradisionalisme eerder as opregte geloof.

**6.** Vraag 13 oor jongmense se belewenis van kerkleiers is baie positief. Dit is 'n ligpunt om te sien dat die reaksie oorweldigend positief is en dit is werklik iets waarop gebou kan word. Selfs as 'n selfrapporterings- vooroordeel hier binne rekening gebring word, is die reaksie positief. (Dit wil voorkom of my eie beeld dat jongmense oor die algemeen negatief is oor kerkleiers verkeerd is, waarvoor ek baie dankbaar is.)

7. Hoe relevant die Bybel tot ons alledaagse lewe is, blyk baie positief te wees – 75% sê dis baie en verskriklik belangrik. Ek word hier herinner aan Jesus se gelykenis oor die belangrikheid van een verlore skaap. Die resultate wys dat 25% van aktiewe, kerkbywonende, jong Christene dink dat die Bybel nie regtig belangrik is in hul lewens nie! Dit is skokkend! Hier lê vir ons groot werk voor in die kerk om die waarde en noodsaaklikheid van die Bybel vir 'n gelowige se lewe uit te lig. As jy dus wonder waaroor jy die res van die jaar moet preek…

8. Op vraag 18 oor die musiek van die kerk reageer jongmense baie positief dat die musiek veral inspirerend is en dat hul God daarin beleef. Hoe meet ons dit? Belewenis van die Here het deurgaans deur die Bybel die effek van 'n bepaalde reaksie in die lewens van dié wat Hom ontmoet. Het dit wat hulle beskryf as belewenisse van die Here wel so 'n effek? Verander dit werklik hulle lewens? Dieselfde geld ook vir jongmense se verstaan van die woord "inspirerend": inspireer dit aksie by die hoorder of laat dit hul goed voel vir die duur van die erediens? Voordat ons té opgewonde raak oor hoe relevant en goed die kerk se musiek is, moet ons kritiese vrae vra oor die betekenis van hierdie antwoorde. Dat die breër Gereformeerde kerke se musiek ver verwyderd is van die musikale identiteit van jong lidmate is 'n gegewe. Dit vra dat daar baie werk is wat nog gedoen moet word om musiekbedienings te ontwikkel wat werklik 'n effek op jong lidmate se geloofslewens het.

## OUDERDOMSPESIFIEKE TENDENSE:

Ten opsigte van vraag 5 oor die belangrikheid van kerk in ons huise is daar 'n duidelike afname in hoe belangrik jongmense kerk ag soos hulle ouderdomme toeneem. Dus: hoe ouer kinders word, hoe minder belangrik dink hulle is kerk in hulle huis. Hoe verduidelik ons dit? My vermoede is dat ons hier te doen het met die realiteit dat kinders, soos wat hulle ouer word, minder glo wat ons hulle vertel en meer krities kyk na wat hulle sien in ander gelowiges se lewens. Dit is moontlik dat hulle met ouderdom meer en meer agterkom hulle het dalk in 'n "Christen-huis" grootgeword, maar dat kerk nie vir hul ouers of broers en susters werklik die rol speel wat hulle sê dit doen nie. Die effek kan 'n ontnugtering wees wat hulle godsdiens en geloof leeg en skynheilig kan laat voel.

Ons sien dieselfde tendens in byna al die vrae: hoe ouer die groep hoërskoolleerders, hoe meer negatief raak hulle oor die kerk. Hou egter ook in gedagte dat hierdie die groepe is wat wel aktief kerk bywoon en vir wie kerk belangrik is.

**Wanneer ons die 75% wat aktief inskakel by kerke, vergelyk met die 25% wat dit nie doen nie:**

1. Die eerste interessante inligting is dat die 25% wat nie inskakel by 'n kerk nie, uit 7% meer seuns as meisies bestaan. Dit is 'n algemene belewenis in die bediening dat ons meer sukkel om mans as vroue betrokke te kry in die kerk, maar dis interessant om te sien dat dit al op so 'n jong ouderdom begin. Dit wil voorkom of die kerk sukkel om relevant te wees vir mans. Dit laat ons met vrae oor hoe die kerk meer daarop kan fokus om jong mans te bedien op maniere wat hulle effektief aanspreek.

2. Vraag 5 lewer een van die mees insiggewende vergelykings tussen die groepe wat kerklik inskakel en diegene wat nie inskakel nie, op. Vir die 75% wat inskakel is kerk vir 72% se huishoudings belangrik. Die 25% wat nie inskakel nie, rapporteer dat dit slegs vir 29% van hul huishoudings belangrik is. Hier is dus 'n 43%-verskil! As ons wonder hoe belangrik die rol van die ouerhuis in jongmense se godsdiens is, het ons hier 'n duidelike antwoord. Hierdie is die grootste verskil tussen die twee groepe wat die hele vraelys opgelewer het. Dit dui daarop dat 'n ouerhuis waarin godsdiens en kerk 'n belangrike rol speel, 'n bepalende faktor is in jong gelowiges se betrokkenheid by die kerk.

3. 'n Vergelyking van vraag 6 se twee groepe dui daarop dat kerk selfs vir die 25% wat nie inskakel by 'n kerk nie, tog steeds belangrik is. Soveel as 50%




van die betrokke groep woon kerk op ‘n redelik gereelde basis by. Selfs vir diegene in die onbetrokke groep speel die kerk tóg ‘n rol. Dis ‘n positiewe statistiek wat ons daaraan herinner dat ons meer geleenthede het om jongmense te bereik as wat ons dalk dink.

**4.** Soos in vraag 3 op bl. 20, lewer vraag 9 kommerwekkende bevindings op oor jongmense se verstaan van die belangrikheid van kerk in hulle lewens met ‘n 7,46 uit 10. Terselfdertyd verras die groep wat nie by ’n kerk inskakel nie met ‘n 5,5 uit 10. Dus reken selfs hierdie groep dat kerk tóg ‘n rol moet speel in hul lewens.

By vraag 10 kry ons baie insiggewende inligting. In byna al die ander vrae is die verskille tussen die 75% wat kerklik inskakel en die 25% wat dit nie doen nie, eintlik baie min. Die getalle verskil tot ‘n mate, maar die patrone bly redelik eenders. Vrae oor die belangrikheid van die Bybel, persepsies oor leiers, die rol van die kerk en selfs die belewenis van kerkmusiek verskil nie so beduidend as wat ‘n mens sou verwag nie. Wat ons sou laat wonder: As die verskille nie so groot is nie, waarom stel ‘n kwart van hulle nie belang daarin om in te skakel by ‘n kerk nie? Hier in vraag 10 is daar wel ‘n beduidende verskil wat ons ‘n aanduiding kan gee waarom daar ‘n verskil tussen die twee groepe is:

- Van die 75% kerkbetrokkenes, reken ’n hele 43% dat die kerk nie ‘n goeie begrip van hul lewenswêreld het nie. Van die 25% wat onbetrokke is, is dit egter 71% wat dieselfde voel. Dit wil dus voorkom of ons hier, naas die huislike agtergrond, die tweede grootste aanduider het van die verskil tussen hierdie twee groepe.

Baie kerke en kerkleiers het wel ‘n goeie begrip van jongmense se leefwêreld. Die persepsie wat jongmense daarvan het, is egter dat ons nie hierin slaag nie. Hierdie einste persepsie het heel duidelik ‘n groot invloed op hulle identifisering met plaaslike kerke, al dan nie. Hierdie feite kan ons baie help wanneer ons dink aan hoe en waaroor om te kommunikeer met jongmense. Voordat hulle ons teologie verstaan, is dit nodig dat hulle weet ons verstaan hulle wêreld.

## HOE HELP DIT MY IN DIE BEDIENING?

Die heel insiggewendste van die navorsing is vir my die twee groot faktore wat jongmense se betrokkenheid by die kerk beïnvloed, naamlik die belangrikheid van kerk in die ouerhuis en hulle persepsie van die kerk se begrip vir hulle leefwêrelde. Die eerste feit maak 'n paar dinge duidelik: Die belangrikheid van die ouerhuis se houding teenoor die kerk is naamlik 'n feit wat ons helder en duidelik aan ouers moet kommunikeer.

- Die meeste ouers waarmee ek werk, sal verbaas wees om te hoor dat hulle houding oor die kerk só 'n groot invloed op hulle kinders se godsdiens het. Met ouers se samewerking kan ons 'n groot impak op jongmense se gebondenheid aan kerke maak. Tweedens is die afname in die invloed wat ouerhuise het namate die kinders ouer word, ontstellend. Daarom dat ons van vroeg af reeds soveel moontlik moet doen om jongmense te help om opregte, persoonlike geloofsverbintenisse te maak aan God en ook aan 'n plaaslike geloofsgemeenskap. Daar bestaan te min sulke verbintenisse in die kerk. Belydenisaflegging is een, maar dit gebeur oor die algemeen eers op 17-18-jarige ouderdom. As hierdie tipe persoonlike verbintenis en betrokkenheid nie lank voor iets soos belydenisaflegging gebeur nie, gaan ons aanhou om ontnugterde jongmense uit die kerk te verloor.

Wat die kerk se begrip vir jongmense se leefwêreld betref, glo ek ons het hier 'n groot geleentheid om werklik oor opgewonde te wees! Daar is min kerke en kerkleiers wat só uit voeling met die realiteit is dat ons nie besef hoe die wêreld met jongmense werk nie. Waar daar wel 'n afstand is, of waar ons selfs vermoed dat ons uit voeling met hulle realiteit is, sal jongmense meer as bereid wees om te gesels daaroor en om ons vinnig van ons eie volwasse illusies te verlig. Ons het nodig om sulke gesprekke met jongmense te voer, om ons eie onkunde te bely en aan hulle die geleentheid te gee om te sien dat ons by hulle wil leer. Daarmee saam kan 'n fokusverskuiwing van byvoorbeeld prediking (wat gewoonlik fokus op ons ideale kerklike wêreld en wat sou verskuif na die werklikheid van hul alledaagse wêreld) 'n ontsettende impak hê. As hulle agterkom dat volwassenes hulle wêreld wel verstaan, vermoed ek die verhouding wat jongmense met die kerk het, anders sal lyk as wat dit tans doen.



- Ten spyte van die goeie terugvoering genoem by punt 1 op bl. 19, is die kerk nie so 'n integrale deel van jongmense se lewens dat hulle dit sosiaal integreer nie. Dit help my om te besef hoe belangrik dit is om maniere te vind om geleenthede en omgewings te skep wat jong lidmate graag met hul vriende sal wil deel. Wat by die kerk gebeur, hoef nie "entertaining" te wees nie, maar as dit opspraakwekkend en interessant genoeg is om hulle aan die gesels te kry, sal dit 'n stuk sosiale dinamika skep wat kerk weer 'n gemaklike gespreksonderwerp maak. As jongmense weer gemaklik en gereeld met hulle vriende oor hul kerk praat, raak kerk deel van hul daaglikse lewe en identiteit.

- Kerk, Bybel en godsdiens is steeds belangrik in die breër jonger samelewing. Selfs as hulle antwoorde nie heeltemal akkuraat is nie, dui dit daarop dat hulle dit tog belangrik ag en dit steeds belangrik behoort te wees. Dit beteken daar is steeds meer geleenthede om jongmense te bereik. Hulle is meer ontvanklik vir die boodskap van die kerk as wat ekself gedink het. Dit beteken terselfdertyd egter nie dat jongmense agter die kerk gaan aanloop nie. Ons moet self maniere en geleenthede vind en skep om sigbaar kerk te wees binne hul leefwêreld.

  Jong gelowiges se begrip van die belangrikheid van die kerk, geloofsgemeenskap en die Bybel is skokkend negatief! Tot 'n groot mate ken ons almal in die bediening die wêreldwye tendens van mense om te dink kerk en Christenskap hoef nie hand aan hand te loop nie. Maar om terug te sit en niks hieraan te doen nie, is onaanvaarbaar! Ons sal baie meer erns moet maak met die onderrig wat ons aan jongmense in hierdie verband gee. Ons prediking, onderrig en byeenkomste moet die belangrikheid van die Bybel en die gemeente duidelik maak en ons gemeentelewe moet dit weerspieël. Kerk en Bybel moet inherent deel wees van ons Christelike identiteit en jongmense moet vroeg reeds blootgestel word aan leringe wat die noodsaaklikheid daarvan vir hul elkeen persoonlik duidelik inprent.

- Ons sukkel om kerk relevant in te rig vir die jonger mansgeslag. Ek sien uit daarna om krities in my eie bediening te kyk na maniere om jonger mans meer te betrek by bedieningsgeleenthede, eredienste, ensovoorts.



# NUWE GENERASIE, NUWE VAARDIGHEDE

*- DEUR STEPHAN JOUBERT*



Verby is die dae dat ons na jongmense verwys as die kerk van môre. Nee, daar moes nooit eens sulke dae gewees het nie! Almal in die kerk, jonk en oud, is die kerk van vandag. Tog moet ons groot begrip hê vir die feit dat daar verskillende generasies in die kerk is. Navorsers praat juis deesdae van 'n nuwe Generasie Z in ons midde. Dit is diegene wat sedert die vroeë negentigs gebore is en wat anders aanmekaar geweef is as hulle voorgangers, *die "millenials". Generasie Z word as "screen-agers" beskryf. TV-skerms, selfoonskerms en rekenaarskerms is hulle kos. Hulle is meer gekonnekteerd as ooit, maar hulle is alleen. Familie is nie noodwendig meer hulle sentrale ruimte vir identiteitsvorming nie. Sosiale media neem hierdie rol al hoe meer uit die familie se hande.

## DIE EERSTE GENERASIE VIR WIE DAAR NIE 'N HANDBOEK BESTAAN NIE

Ons leef in 'n wêreld waar sosiale media die septer swaai. Hoërskoolgenerasies is die eerstes vir wie se ouers en familie daar nie ou, beproefde opvoedkundige handboeke bestaan oor hoe om hulle groot te maak nie. Alle generasies voor ons het breedweg in dieselfde tipe wêrelde opgegroei. Daar was nog nooit tevore 'n realiteit wat so volledig deur sosiale media geïnfiltreer en oorgeneem is as ons s'n nie.

Jonger generasies se identiteitsvorming gebeur anders as ooit, soos wat ons hierbo vir mekaar gesê het. Hulle verkies toenemend om te sosialiseer met hulle vriende op sosialemedia-platforms eerder as met hulle direkte familie. Hulle glo sosiale media se beloftes blindelings dat hulle nooit alleen sal wees op hierdie digitale platforms nie. Met die druk van 'n knoppie kan hulle inskakel by hulle "vriende" op Youtube, Instagram, Snapchat en kie om blitsvinnige "likes" en

kitsaanvaarding te kry. Bo en behalwe hierdie leë beloftes van konnektiwiteit, bied sosiale media ook vir die hoërskoolgenerasie en kie blitsvinnige toegang tot informasie soos nog nooit tevore in die geskiedenis nie.

Indien volwassenes nie deeglik kennis neem van die nuwe wêreld waarbinne jongmense leef nie, is 'n nuwe verlore generasie dalk weer ons voorland. Hiervan gepraat – 'n verlore jonger generasie het juis ontstaan in die tyd tussen Josua 24 en Rigters 2. Terwyl die ouer leiers van Israel in Josua 24 se dae plegtig vir Josua belowe het hulle sal die Here dien, vertel Rigters 2:10 dat die daaropvolgende generasie totaal en al sonder God groot geword het. Hulle het niks geweet van sy groot dade om Israel te red nie. Hartseer woorde! Om te dink, in een geslag het Israel vanaf godsdienstig tot God-loosheid verval. Dit het onder andere gebeur omdat die oues van dae kontak verloor het met die jongmense en nie meer in hulle taal met hulle oor God gepraat het nie.

## SO MAAK MENS

Hoe keer ons 'n herhaling van Rigters 2 hier in ons jonger-wordende wêreld? Van jonger-word gepraat, die 2011-sensus het bevind dat 29,2% van Suid-Afrika se bevolking jonger is as 14 jaar. Slegs 5,3% is ouer as 65, terwyl 49,2% Suid-Afrikaners jonger is as 24. Hoe leef ons hierdie jonger generasies reg raak? Wel, die Bybelse roete van die liefde is steeds die heel belangrikste roete. God se liefde is tydloos. Dit is nooit generasie-gebonde nie. Geen generasie is liefdesbestand nie. 1 Petrus 2:15-18 verduidelik met name vir ons dat so 'n roete gaan oor respek vir alle mense en oor diep eerbied vir God.

In dieselfde asem moet ons weet dat nuwe generasies nie na nog kennis soek nie. Hulle het oorgenoeg hiervan. Wat hulle kortkom, is Bybelse wysheid. Hulle weet nie hoe om hierdie nuwe wêreld met al die informasie-oorbelading en derduisende impulse wat daagliks op hulle afstorm na behore te verstaan en te hanteer nie. Hulle kort ouer mense as mentors. Ons moet saam met hulle leef en vir hulle wys dat eerbied vir die Here en respek vir ander mense steeds die roete tot ware lewe is. Ons moet vir jonger mense helder en duidelike redes gee om in Christus te glo. Ons moet gesonde verhoudings met hulle groei. Ook moet ons gesonde geloofsritmes aankweek wat ons gedurig saam met hulle in ons huise en in ons geloofsfamilies beoefen.

## ONS ALMAL HET STEEDS DIESELFDE ROEPING

Die Bybel dink nie in terme van ouderdom wanneer die uitleef van ons geloof ter sprake is nie. Daar bestaan nie Bybelse kategorieë soos "afgetrede Christene" of "tiener-Christene" in die Bybel nie. Ons is nooit te jonk of te oud om vir die Here te leef nie. Ouderdom is nooit 'n voorwaarde vir diens aan God nie. Abraham is byvoorbeeld eers op 75-jarige ouderdom geroep om 'n nuwe roete vir God in te slaan. Op sy beurt kon Jeremia nie wegkruip agter sy jeugdigheid toe hy as profeet geroep is nie. Ons almal, jonk en oud, het een gesamentlike roeping, naamlik om elke dag ons kruis op te neem en Jesus te volg. Die Heilige Gees is ewe veel aanwesig in ons almal. Petrus se woorde op Pinksterdag in Handelinge 2:17-18 bevestig dit. Ouer en jonger gelowiges dien dieselfde lewende God, daarom vind ons mekaar altyd by die kruis van Christus!

* Beall, G. 2017. 8 Key Differences between Gen Z and Millennials: https://www.huffingtonpost.com/george-beall/8-key-differences-between_b_1 2814200.html



# OM TE KERK OF NIÉ TE KERK NIE

- *DEUR IVOR SWARTZ*

Ek was besonder bevoorreg om ekerk se Jeugnavorsingsverslag te bekyk wat handel oor die verhouding tussen hoërskooljeug en die kerk, asook hulle houding teenoor hulle plaaslike kerk.

Dié navorsing is wel slegs uit 'n Afrikaanse oogpunt opgeneem, maar dit bevat baie nuttige inligting en opvattings wat relevant is tot enige persoon in ons land wat in enige kapasiteit by die jeug betrokke is. Sien die navorsing as venster tot die wêreld van ons jeug en hulle sienings oor die kerk.

Ek wil dus net 'n paar persoonlike gedagtes en gevolgtrekkinge maak oor die navorsing, asook om jou dalk te help vars dink oor dié generasie met wie ons te doen het.

## OM TE KERK OF NIÉ TE KERK NIE

Daar is by my geen twyfel dat die kerk haar kulturele outoriteit in ons samelewing verloor het nie – of ten minste haar greep daarop. Wat ek hiermee bedoel, is dat die kerk glad nie meer so 'n sterk invloed het in mense se wêreldperspektiewe nie. Waar die kerk in vorige generasies 'n relatiewe veilige plek van gemeenskap, sekerheid, en diensbaarheid was, het dié siening van kerk met die "Millennials" en Generasie Z dramaties afgeneem.

Maar die navorsing toon 'n baie bemoedigende positiwiteit oor kerk onder die jeug – selfs net met iets soos kerkbywoning, met 62% wat sê hulle woon kerk weekliks by, en 45% wat sê kerk toe gaan is **BAIE** belangrik in hulle huis. Ek het ook al baie die grappie gehoor, en vertel, van die arme kerk wat so gesukkel het met vlermuise in die dak, en die kerkraad wat lank hul koppe gebreek het oor hoe om ontslae te raak van die vlermuise, want niks het gehelp nie. Tot die een oom op die kerkraad toe sê, *"Die enigste manier hoe ons die vlermuise uit die kerk gaan kry, is om hulle te katkiseer".*

Dis nou wel 'n grap, maar die kerk moet eerlik wees oor hoeveel jongmense nog in die kerk bly ná hulle aangeneem en voorgestel is. Katkisasie is vir baie net nog 'n *"rite of passage"*, en nie 'n oortuiging en bevestiging van hulle geloof in Christus, en hul verhouding met Hom nie. Dus wonder ek of die resultate dieselfde sou wees as ons die vraag omgedraai het, en meer persoonlik gemaak het deur byvoorbeeld te vra, ***"Hoe belangrik is kerk toe gaan vir JOU?"*** En dan ook, ***"Hoe dikwels sou jy kerk toe gaan as jou ouers NIE sou gaan nie?"*** Ek dink daarin lê ook vir ons baie antwoorde, en selfs nog meer vrae.

Daarby moet ek sê dat ek al by heelwat gemeentes was op 'n Sondagaand waar die jeugopkoms by die 400 en selfs meer draai. En of hulle nou daar is uit tradisie, of vir die "regte" redes, is irrelevant aan die einde van die dag. Feit van die saak is, hulle is in 'n geloofsgemeenskap, en ons kan verder nét God vertrou om Sy werk te doen in hulle harte en lewens.

In my opinie, vanuit 'n bruin en swart Engelse jeugwerkkonteks, is kerkbywoning lankal nie meer 'n prioriteit vir die tieners met wie ek daagliks te doen het nie. Dit is my ondervinding in baie gevalle, dat wanneer van die tieners nie by 'n Vrydag- of Sondagaand se kerkaktiwiteite ingeskakel het nie, hulle dan aan geen Christelike ervaring blootgestel word vir die week nie. Dit lei dan daartoe dat hulle enige vorm van spiritualiteit as aanvaarbaar, of voordelig sien. Solank iets geestelik klink, en tot hulle lewens spreek in daai spesifieke oomblik, is dit geestelik bevredigend.

Ons het al byvoorbeeld 'n speletjie gespeel waar ons die jongmense vra om ja of nee te skree of 'n sekere frase in die Bybel voorkom, of nie. Dit was skokkend om te sien hoe

baie *"pop culture"*-frases hulle as Bybels beskou. Dis in sulke gevalle waar jy wens dat kerkbywoning tog maar 'n tradisie was, al was dit net vir blootstelling.

Iets wat wel baie bemoedigend is aangaande jongmense en hul verhouding met die plaaslike gemeente is dat die #Imagine-beweging weer 'n hongerte en verantwoordelikheid teenoor die kerk kweek by tieners. Die beweging is aktief besig om die jeug toe te rus om betrokke te raak by hulle gemeentes, voor en ná katkisasie. En dit word gedoen met groot klem op ekumeniese verhoudings.

## SKOOL EN KERK

As jeugwerkers dink ons altyd dat die kerk die skool bedien/help deur hulle betrokkenheid by die skool. Daar is meriete daarin. Maar ek is van opinie dat skole kerke meer help met hulle jeugbediening as andersom. As jy moet gaan kyk na kerke wat 'n "gesonde" jeugbediening het, is dit dikwels as gevolg van die "gesonde" skool/skole in die omgewing van die kerk. Met ander woorde, ons jeugbediening is net so gesond soos wat die skole in ons omgewing is. Anders gesê, die verhouding tussen die jeug en die plaaslike gemeente kan ook net so gesond wees soos die verhouding tussen die plaaslike gemeente en die plaaslike skole. Dus moet ons soveel as moontlik betrokke wees by ons plaaslike skole, gesond of nie, want die skool is die grootste "feeder" vir ons jeugbediening. Maar ons moet dalk wegbeweeg van die idee dat ons daar is om die skool te help. Die kans is groot dat die skool daar is om jou bediening te help. Daarom moet daar konstant vars gedink word oor hoe ons meer effektief gebruik kan maak van die geleenthede wat ons het in skole.

Goed soos saalopening, Bybelperiode en VCSV, moet nie die een maal per week wees wat tieners met hul vriende oor kerk praat nie. Dié geleenthede moet as katalisators gebruik word om vertroue in die kerk te bou of te herbevestig. Plaaslike gemeentes sal meer hulpbronne, finansieel en anders, beskikbaar moet stel aan jeugwerkers om byvoorbeeld buite die skool en kerk dieper verhoudings te bou met die jeug sodat hulle nie net gebombardeer word met 'gemorspos' op sosiale media oor Sondagaand se diens nie. Daar moet ook spasie wees vir egtheid, afgesien van die weeklikse program.

## KERK EN KLEUR

Ons weet dat vandag se jeug baie meer divers lewe en uitreik as vorige generasies. Hulle skole is divers; hulle vriendekringe is divers, en hulle is baie meer oop en gemaklik met veelrassige verhoudings. En, as hulle nie alreeds is nie, gaan hulle verwag dat hulle plaaslike gemeentes hulle diverse lewens moet weerspieël. Dit help nie tieners se daaglikse lewens is 'n mengelmoes van blootstelling aan ander kulture en agtergronde, maar die kerk stel nie belang daarin nie.

Die afgelope jaar het ek baie Facebook-boodskappe gekry van Afrikaanse tieners wat vrae vra oor die kerk se siening rondom diversiteit op gemeentevlak, en veral oor veelrassige verhoudings. Die kerk sal die gesprek moet lei wat dié kwessies betref, en nie wag vir tieners om met die vrae te kom nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om ons invloed te gebruik om hulle aan te moedig om aktief die grense van kleur en klas af te breek. Maar hoe doen ons dit as ons bedieningsruimtes nie voorbeelde is daarvan nie?

## ...EN DAN?

Ek is BAIE opgewonde en positief oor die toekoms van die jeug in die kerk. Ek sien en beleef elke dag oomblikke wat my opnuut laat erken dat Jesus die Hoof van die kerk is, en al lyk dinge hoé kommerwekkend, Hy is besig om 'n generasie voor te berei om Sy werk voort te sit. Ons kan net deel wees van die voorbereiding, maar ons mag nie voorskryf hoe die kerk van die toekoms gaan lyk, met dié generasie as leiers nie.

Daar is ook nog baie werk om te doen om die jongmense se gawes te ontwikkel, en hulle toe te rus om leiers in die kerk, gemeenskap, nasie en wêreld te wees. Ek glo dat die generasie alreeds baie van die eienskappe het om 'n vernuwende manier van kerkwees te skep, en benodig net leiding en wysheid om dit te doen. Ons kan óf in die pad daarvan staan, óf ons kan hulle toerus om dit uitstekend te doen.


JESUS
SIGBAAR
VOELBAAR
VERSTAANBAAR

## HIERDIE VERSLAG WAS OPGESTEL DEUR DIE EKERK SPAN:

Stephan Joubert, Willie Swart, Pierre Engelbrecht en Roedolf Botha

## GRAFIKA UITGELÊ EN SAAMGESTEL DEUR:

Elani Botha en Pierre Engelbrecht

## GESELS ASB MET ONS BY INFO@EKERK.ORG.

## WIE IS EKERK?

Ekerk is eerstens nie ‘n eie kerk nie. Ekerk vervang ook nie jou plaaslike gemeente nie. Ekerk is bloot net nog ‘n manier om kerk te wees in die wêreld. Deur middel van Christelike groei materiaal, en lewendige byeenkomste, vorm alle ekerk’ers deel van ‘n gemeenskap van Christelike gelowiges regoor die wêreld.

Enige iemand is welkom as deel van die ekerk familie.

## WAT DOEN EKERK?

Ekerk is besig met verskillende projekte oor ‘n verskeidenheid van onderwerpe. Laai enige van die navorsing publikasies af, lees die artikels, volg die preke of skakel gesiglangs in by ‘n ontbyt, seminaar of oorsese toer.

## TEKEN IN OP ONS NUUSBRIEWE

Die ekerk nuusbriewe is die maklikste manier om deel te word van die ekerk gemeenskap!

Die nuusbriewe word per epos versend, en jy kan hulle ook op die web lees. Jy het net jou naam en epos adres nodig om in te skryf, en jy kan kies watter nuusbriewe jy wil ontvang of nie. Daar is ’n verskeidenheid van nuusbriewe deur ’n span medewerkers – hulle skryf oor allerlei onderwerpe, maar alles is gebasseer op die Woord.

Jy kan inteken via ekerk.org deur die “skryf in” skakel te volg.

## VIND, VOLG EN BEVRIEND ONS OP SOSIALE MEDIA